

VAN STAMVERWANTE BODEM

Dr. R. L. Schuurmsma, een van die wetenskaplike amptenare van die Utrechtse Ryksuniversitet is, aldus 'n berig in die Nederlandse pers, sedert geruime tyd bedrywig om 'n geskiedkundige geluidsargief op te bou. Meer as 20,000 plaat- en ruim 3,000 bandopnames vorm reeds 'n kosbare skat van werklik „sprekende” geskiedenis. Die bedoeling is om hierdie argiefmateriaal diensbaar te maak vir onderwysdoeleindes. Die insameling geskied op die grondslag van wêreldgeskiedenis. Argiewe van uitsaai-korporasies is gedeeltelik verantwoordelik vir die groei van die versameling wat in die universitêre instituut vir geskiedenis gehuisves is.

In die Desemberuitgawe (1965) van die Vlaamse tydskrif „De Toerist” is die mening uitgespreek dat die invoering van beeldradio in die Republiek van Suid-Afrika van groot betekenis vir Vlaandere sou wees. Die televisie, aldus die blad, is onbetwisbaar die doelmatigste middel vir kultuurverspreiding. Dit is ook 'n middel om volke, veral taalverwante volke, nader tot mekaar te bring. Die skrywer van die artikel vervolg: „Een samenwerking tussen onze televisiezender en een Zuidafrikaans televisie-station zou zonder twijfel belangrijk bijdragen tot de versteviging van onze betrekkingen met dat land.”

Prof. dr. W. A. P. Smit, sedert 1946 hoogleraar in die geskiedenis van die Nederlandse letterkunde, is, volgens 'n mededeling in „Neerlandia”, benoem as eredoktor van die universiteit van Leuven (België).

In Vlaandere is die „Vlaamse Vereniging voor familie-kunde” in 1964 in Gent opgerig. Tans tel die V.V.F. reeds meer as 1,000 lede. Doel van die vereniging is om die huidige werksaamhede in verband met genealogie en heraldiek in Vlaandere saam te stoer, om familie-onderzoek te bevorder en om vriendskapsbande aan te knoop met almal wat van Suidnederlandse herkoms is. Die sekretariaat van die V.V.F. is: Hyacintenlaan 33, Oostende.

In „Ons Erfdeel” (jg. 9, nr. 2, Desember 1965) het L. Simons 'n hydrae oor die betrekkings tussen Vlaandere en Noord-Duitsland in die 19de eeu gepubliseer waarin nadruk gelê is op die bekende digter Klaus Groth. Van die hand van L. Bernauer word die posisie van die Duitssprekendes in Suid-Tirol, 'n meerderheidsgroep, geskets. Na 'n Italianiseringsbeleid van 45 jaar is die sterkte van die Duitse taalgroep nog ongeveer 63%, waar dit in 1951 ongeveer 66% was. Uiterlik, aldus die skrywer, bestaan daar gelykstelling tussen Duits en Italiaans en is die onderwys oor die algemeen op 'n bevredigende wyse gereël. Aan die ander kant bestaan daar sekere toestande wat volgens die skrywer in stryd met die gees van die verdrag van Parys is. Een van die brandende vraagstukke wat hy noem, is die van staatsweë gesteunde immigrasie waardeur die Italiaanse bevolkingsdeel veral in die stede toeneem. L. en F. Pittery het 'n besonder lesenswaardige hydrae oor die geskiedkundige stad Duinkerke aan die inhoud toegevoeg en o.m. uitvoerig by die bekende Jan Bart stilgestaan.

Die inhoud van Bulletin Museum Boymans-van Beuningen (Rotterdam, dele XVI, 1 en 2, 1965) is onderskeidelik aan aanwinste op die gebied van die ou kuns en kunsnywerheid en die moderne skilderkuns (1962-1965) gewy. Onder die afbeeldings en beskrywings trek dié van 'n tweetal silwerbekers (Hendrick Isaacks, omstreeks 1637; beker met Bybelse voorstellings, omstreeks 1680) die aandag.

Die jongste uitgawe van die „Bulletin van het Rijksmuseum” (jg. 13, afl. 4) staan in die teken van 'n belangrike aankoop, nl. Rembrandt se „Heilige Familie bij avond”, 'n skildery wat in die 17de eeu in die Nederlandse Republiek, in die 18de in Frankryk en tot kort gelede in Engeland was. Volgens P. J. J. van Thiel, wat die artikel geskryf het, dateer hierdie nuwe aanwinst van kort voor 1640. C. J. de Bruyn Kops verstrekk in 'n ander hydrae wetenswaardighede in verband met 'n ander aanwinst, 'n landskap

van Aelbert Cuyp, wat vermoedelik omstreeks 1655 oos van die stad Nijmegen ontstaan het.

'n Spesiale uitgawe van „'s Gravenhage” (jg. 20, nr. 9) is gewy aan die ontstaan en opkoms van die stad Den Haag ('s Gravenhage). Waardevol, sowel uit 'n suiwer geskiedkundige- as kultuurhistoriese oogpunt beskou, is die talryke afbeeldings uit vervloë eeue (o.m. van die Ridderzaal, die bekende 17 eeuse stadsgesig van Johannes van Londerseel en Nicolaas de Clerck, die „Huis ten Bosch”).


H. W. Alings het die geskiedenis van Amsterdam verryk deur sy studie „Amsterdamsse Hofjes” wat, onlangs uitgegee deur die „Gemeentelike Commissie Heemkennis” (140 bl., met afb.), die bestaande literatuur verryk wat daar bestaan oor hierdie inrigtings waarvan sommige reeds eeue gelede ontstaan het om oues van dae te huisves. Een van hulle, die „Deutzenhofje”, is in 1694-1695 gebou uit die nalatenskap van Agneta Deutz met die doel om behoeftige vrouens, „belijdenis doende van de Gereformeerde godsdienst” te huisves. Die kapitaal wat aanvanklik R21,000 bedra het, was in 1759 reeds ruim R60,000 en het later nog verder aangegroei. Uit die dae van Van Riebeeck stam die „Karthuizerhof” (omstreeks 1650) met 'n honderdtal kamers, 'n gebou wat tot vandag toe die tand van die tyd trotseer het. Die gebou is 'n ware toonbeeld van die sewentiende liefdadigheidsbeweging in Amsterdam wat ook later kenmerkend sou bly, gesien die groot aantal soortgelyke inrigtings wat feitlik tot en met die begin van ons eeu in hierdie stad tot stand gekom het.

Die bekende Marten Douwes Teenstra, wat tydens sy reis na Oos-Indië in 1825 'n tydlang aan die Kaap vertoef en sy herinneringe later in sy werk „De vruchten mijner werkzaamheden . . .” te boek gestel het, het na sy terugkeer in Nederland 'n tydjie opgetree as ontvanger van inkomste in die dorpie Baflo. Hy is opgevolg deur advokaat-ontvanger B. Wichers wat die volgende kennisgewing op sy kantoordeur laat aanbring het: „De Weledele Gestrenge Heer en Mr. Bernard Wichers, Advocaat bij het gerechtshof van de Provincie Groningen, Ontfanger van de Directe belastingen en accijnzen in de gemeente Baflo, vind zig verplicht om aan de ingezetenen bekend te maken de navolgende bepalingen te zijnen kantore:

1e. het zal niemand geoorloofd zijn om het kantoor binnen te treden alvorens aan de deur te hebben geklopt en van binnen hooren roepen met luiden stemme: binnen!
 2e. zal men de deur mogen openen en met ongedekten Hoofde binnen treden zonder te rooken of op eenige andere wijze tabak te gebruiken, vermits het zwakke caliber van de ondergeteekende zulks niet gedooft; 3e. een ieder verplicht zich om de ondergeteekende in deze wijze aan te spreken namentlijk: „Uw dienaar Mijnheer Ontfanger, hoe vaart UEdle, kan ik geholpen worden”; 4e. evenmin zal niemand de stoutheid mogen nemen om op een stoel te gaan zitten alvorens hem zulks worde gepresenteerd en eindelijk ten 5e. heb ik gemeend als een man van opvoeding deze bovenstaande wellevendheid aan een onbeschaamd publiek onder het oog te moeten brengen en ik vertrouw, dat niemand mij zulks ten kwade zal nemen, aangezien ik het van gansch harte meene.

21 Februarie 1826”.

Dr. J. Ploeger.



Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word verreweg die grootste deel van alle staalbenodighede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van meer as 2,800,000 gietblokton per jaar produseer . . . en dié syfer styg nog steeds!

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, het die Korporasie 'n uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos. Teen 1969 sal die jaarlikse produksievermoë sowat 4,500,000 gietblokton beloop.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal. Daarbenewens is die gehalte van YSKOR-staal van die beste ter wêreld.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

HOOFKANTOOR:

POSBUS 450

PRETORIA